

# Kom maak jou hart oop vir minderbevoorregtes

## Eben die nuwe putjiespel kampioen

In die lig van Kersfees beplan die gholffklub, Herald Office National en die Boeretreat om op 15 Desember 'n gholfdag aan te bied waar hulle gaan poog om kos en klere in te samel vir minderbevoorregtes in ons gemeenskap. Nie net gholfers gaan hulle kant bring nie, maar word die gemeenskap word ook gevra om ou klere en blikkies kos te gee. Daar sal houers by die klub en by besighede in die dorp geplaas word. As deel van die dag se inskrywing, moet elke speler 'n pakkie met ou klere en 'n blikkie kos gee. Die dag kom Kersvader ook 'n draai maak en hy gaan vir al die soet kinders ietsie in sy kerskous hê.

Die finale van die putjiespel kompetisie is ook Saterdag beslis tydens die jaarlikse Prestige Gholfdag. Eben Stander en Obie Oberholzer het dit in die finaal uitgespook, met Eben wat as die wenner uitgetree het. Obie het dit glad nie vir hom maklik gemaak nie. Eben het op die eertse uitspel putjie die knoop deurgehak.

Die baan speel maklik met skoonvelde wat hard is en spelers goeie afstand gee. Die tellings wys dit ook duidelik. Vince Bezuidenhout is die man van die oomblik. Hy wen met 43 punte. Ons hoop die voorgee dokter het hom beetgekry. Dries speel 'n goeie tweede nege en hy eindig tweede met 42 punte.


Uitslae soos volg: Eerste - Vince Bezuidenhout 43; tweede - Dries Cilliers 42; derde - Riaan Schutte 41; vierde - Stephen Maloka 41 en vyfde Christoff Jacobs 41.

Môre is dit gewone spel. Inskrywings is vanaf 12:00 en afslaan 12:30.

## Manne het nuwe hoop vir Bokke



Adriaan Strauss (derde vl) voormalige Springbok kaptein, het in 'n rustige sitkamer gesprek met gaste gesels oor ervaringe en huidige Springbok rugby. Wian du Preez (tweede vl); Barry Goods (links) en Tewis de Bruyn (regs), is almal oud Cheetah spelers wat ook hulle onderskeie bydraes gemaak het tydens die gesprek. Wian het ook vir die bokke uitgedraf op stut en is tans betrokke by Kowsies rugby.



Vince Bezuidenhout met sy trofee wat hy as wenner van die 2018 Prestige-dag ontvang het.

## Hittegolf rem fietsryers nie

Om 94,7 km met 'n fiets af te lê, is byna ondenkbaar. Om 94,7 km met 'n fiets af te lê in die middel van 'n hittegolf, is byna onuitvoerbaar.

Tog het 'n handjie vol plaaslike padfietsgeesdriftiges medaljes om te bewys dat dié taak heeltemal haalbaar is. Sowat 18 lede en vriende van die Heilbron Fietsryklub het op 18 November saam met 26 000 ander fietsryers aan die Telkom 94.7-padfietsresies te Johannesburg deelgeneem. Die resies het in die middel van een van die seisoen se warmste hittegolwe tot dusver plaasgevind en die Goudstad se temperatuur het die kwik vir 'n groot deel van die dag tot bo 36° C gestoot.

"Die versaggende hitte was beslis die grootste uitdaging van die resies," het Jozann Germishuys vertel. Sy het om 8:41 weggespring en vertel dat dit toe reeds baie warm was. "Dit het my uit die aard van die saak gedwing om die uitdaging rustiger aan te pak as wat ek wou," het sy verduidelik.

Ernst Zitske het met haar saamgestem: "Alhoewel die hitte 'n groot uitdaging was, bly dit altyd 'n voorreg om aan dié resies deel te kan neem." Dit was die 12de keer wat Zitske aan dié padfietsuitdaging deelgeneem het.

Die roete is vanjaar vir die eerste keer verkeerdom aangebied en deelnemers het oor die algemeen gemengde gevoelens daaroor gehad. "Dit het my 'n bietjie onkant gevang omdat ek nie mooi besef het wat wanneer op my wag nie," het Neels Claasen vertel. "Dit het nà 40 km gevoel asof ek teen 'n muur ry. Gelukkig het van die ander deelnemers my moed in gepraat en het ek die resies voltooi," het hy vertel.

"Die omgekeerde roete was vir my beter. Ek het nooit gevoel dat ek nie meer verder kan trap nie," het Sarina Leeb vertel. Sy het gesê dat alhoewel die roete vanjaar met stywe bulte begin het, die 5 km-lange afdraend aan die einde daarvoor opgemaak het. Sy het die uitdaging saam met haar man, Ludwig, aangepak en die twee was mekaar se grootste ondersteuning langs die pad. Tog was hul seun, Meyer, 'n hoërskoolleerder aan Potchefstroom Gimnasium, die ster van die dag. Hy kon daarin slaag om die 94,7 km net-net onder 3 uur kaf te trap.

Alhoewel fietsryers uiteenlopende "doepas", "raad" en "geheime" het om byna 100 km op die fiets te oorleef, som Nicolene Janse van Vuuren die "wenresep" die beste op: "Jy kan net op een manier voorberei en dis met jou boude op die saal." Germishuys en Zitske is dit met haar eens. "Ek het gespin, aan bootcamp-oefeninge deelgeneem en

gedraf, maar sal volgende jaar beslis meer tyd vooraf op die fiets spandeer," aldus Germishuys. "Die gemak van die 94.7 hang definitief van jou fiksheid af," het Zitske saamgevat.

Die heldin van die dag was egter Melany Kroon, oud-Edenviller en oudleerder van die Hoërskool Heilbron. Sy het met haar uitdaging geld ingesamel vir Burre Burger se droogtehelpfonds. "Ek het aanvanklik gehoop om R5000 in te samel vir dié organisasie, maar die mense was my baie goedgesind en ek kon daarin slaag om byna R20 000 te in," het sy vertel. Dit was die eerste keer wat Kroon aan die 94.7-padfietsresies deelgeneem het. "Dit was ongelooflik woes en die ergste resies waaraan ek nóg deelgeneem het," het sy haar ervaring beskryf. Sy vertel dat sy 17 km voor die einde gevoel het dat sy liefies die aftog wou blaas. Die mense langs die pad en mede fietsryers se ondersteuning het haar egter tot aan die einde gedra. Sy het ook 'n klein speelgoedkapie op haar fiets geplak om haar te herinner aan die rede waarom sy trap.

Lede en vriende van die Heilbron Fietsryklub het die resies as volg voltooi:

Meyer Leeb - 2:59:46, Wentzel van Tonder - 3:24:24, Johan de Lange - 3:26:21, Morné Victor - 3:32:24, Neels Claasen - 3:37:23, Ernst Zitske - 3:55:12, Abel Pretorius - 3:57:22, Heinrich Kruger - 3:59:04, Julia Stemmet - 3:59:04, Christo Kroon - 4:08:16, Dries Bester - 4:08:46, Nicolene Janse van Vuuren - 4:26:00, Ludwig Leeb - 4:39:31, Sarina Leeb - 4:39:31, Melany Kroon - 4:56:54, Joanita Steenkamp - 5:12:19, Paul Bester - 5:23:00, Jozann Germishuys - 5:33:13.

• Lede van die fietsryklub is tans besig met voorbereidings vir die Heilbron Mini-Epic-bergfietsuitdaging wat op 19 Januarie plaasvind.



TRAP OM VERSKIL TE MAAK: Melany Kroon het tydens die Telkom 94.7-padfietsresies geld ingesamel vir droogtegeteisterde gebiede.



HOU DIE DOEL VOOR OË: Die skapie wat Melany Kroon op haar fiets geplak het as motivering om die Telkom 94.7-padfietsresies te voltooi. Sy het met die uitdaging geld in gesamel vir Burre Burger se droogtehelpfonds.



HOU BENE HOU: Van links is Wentzel van Tonder, Paul Bester en Dries Bester tydens die Telkom 94.7-padfietsresies.

## Rolbal Nuus

Die afgelope Saterdagoggend was omtrent 'n bedrywigheid by die rolbalklub toe al die "plus sixty fives" van die plaaslike Gereformeerde gemeente onthaal is met 'n "rock 'n roll" tema. Lede van die klub moes vinnig afrigting doen en daarna is rolbal gespeel. Daar is gelag en gesels met kommentaar van alle kante, terwyl pas afgerigte "spelers" hul spanmaats adviseer. Na spel is die spelers bederf met regte hamburgers en "chips", eie aan die sestiger jare met pienk melkskommels. Só 'n

belangrike wedstryd kan natuurlik nie sonder "man/woman of the match" afgehandel word nie en was dit 'n moeilike keuse tussen Jan Floor en Brechtje Malherbe. Brechtje het wegstap met die gesogte titel. Ouers word weereens uitgenooi om hul kinders, 13 jaar en ouer op Woensdae middag na die rolbalklub te bring waar hulle aan die sport bekend gestel sal word.

Vir verdere inligting kontak Gerald Rademeyer by 082 318 3965.

## BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

### MAANDAG - 3 DESEMBER 2018

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.  
Kontak Louwrij Bezuidenhout 082 827 7443

BRITSTOWN : SA SOUTKOÖPERASIE LTD  
836 ha PROPERTY FOR SALE ; 1500 ton of salt  
11:00, Plaas Maritz Dam, Britstown  
Kontak Connie van Vuuren 082 373 4833

### DINSDAG - 4 DESEMBER 2018

KLERKSDORP Weeklikse veiling.  
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.  
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

ROODEDRAAI STUDIEGROEP 2-Maandelikse veiling  
Kontak MJ Laurens 072 515 3549

### DONDERDAG - 6 DESEMBER 2018

FRANKFORT Weeklikse veiling.  
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD Weeklikse veiling.  
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

KROONSTAD : MMARADEBE PROPERTIES  
Woonhuis te Acacia Straat 12, Jordania, Kroonstad Ext 62  
11:00, Acacia Straat 12, Kroonstad  
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

### VRYDAG - 7 DESEMBER 2018

STANDERTON Weeklikse veiling.  
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.  
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za  
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bkbLouwid.co.za

